NOUPOORT NUUSBRIEF

PLUIMVEE- EN EIERPLASE KRY **'N GROOT HUPSTOOT**

Fikile Maliti en Aphelele Ndesi, twee boere van Noupoort, gebruik lesse wat hulle tydens die ondernemingsontwikkelingsprogram geleer het om hul pluimvee en eierboerderye te ontwikkel.

Die twee entrepreneurs van Noupoort het laasjaar 'n ondernemingsontwikkelingsprogram wat deur die Noupoort-windkragaanleg befonds is voltooi en pluk reeds die vrugte hiervan. **Die program is in 2016 van stapel gestuur.** Plaaslike entrepreneurs wat hul ondernemings van die grond af wil kry, sowel as gevestigde ondernemings wat bykomende vaardighede wil aanleer baat steeds uit die program.

Fikile Maliti voorsien die gemeenskap van Noupoort, sowel as Middelburg en Colesberg van produkte. Die borgskap het gehelp om Fikile se tegniese kennis en vaardighede te verbeter en het sy besigheid 'n groot hupstoot gegee. Sy teoretiese begrip van die sake-omgewing het wondere vir sy selfvertroue gedoen en hom gehelp om sy onderneming suksesvol uit te brei.

Aphelele Ndesi het ook sy onderneming uitgebrei en voorsien nou hoender aan die plaaslike informele sektor, sowel as die gemeenskap van Noupoort en omliggende gebiede.

ONS ONDERSTEUN **PLAASLIKE MODEONTWERPERS**

Ntombi Mosoane het haar droom om pragtige hoedens te ontwerp verwesenlik. Hierdie inwoner kon danksy die ondersteuning van die Noupoort-windkragaanleg verledejaar 'n ontwerpkursus in Pretoria bywoon en ontvang ook ondersteuning van Noupoort-windkragaanleg se ondernemingsontwikkelingsprogram.

"Haar hoedens is in groot aanvraag in die gemeenskap van Noupoort, sowel as by plaaslike kerke en in omliggende gebiede soos De Aar, Colesberg, Hanover en Middelburg."

Sy het selfs onlangs bestellings van sovêr weg as Kimberley ontvang. Dit gee haar die geleentheid om haar onderneming en reputasie as hoedemaker uit te brei.

Danksy die ondersteuning van die Noupoort-windkragaanleg kon Ntombi die nodige toerusting, vaardighede en opleiding ontvang. Sy is geleer hoe om pryse vir haar produkte uit te werk deur die materiaal wat sy aankoop in berekening te bring. Ntombi het ook geleer hoe om haar produkte suksesvol te bemark.

INKLUSIEWE **SPASIES**

Jongmense van verskillende groepe en sportklubs in Noupoort het onlangs aan die **Noupoort-windkragaanleg se program vir inklusiewe spasies** deelgeneem wat ten doel het om verandering in die gemeenskap te weeg te bring.

"Hierdie program help om jongmense se kommunikasievaardighede, verantwoordbaarheid, leierseienskappe, sowel as beplanningsvaardighede te verbeter."

Dit help ook om die gemeenskappe te mobiliseer en leer jongmense hoe om konflik te bestuur.

Die program help jongmense om basiese probleme in die gemeenskap op te los. Deur middel van aangeleerde vaardighede kan hulle 'n aktiewe rol in hul gemeenskappe speel en help om 'n positiewe verskil te maak.

Die opleiding help ook om jongmense in aktiewe burgers te omskep. Hulle leer oor volhoubare ontwikkelingsdoelwitte en gereeld as vrywilligers in hul gemeenskappe.

ZINGISANI- **VROEËKINDERONTWIKKELINGSENTRUM**

Gemeenskapsleiers, lede van die Noupoort-gemeenskap en 200 voorskoolse kinders het onlangs byeengekom om die opgeknapte Zingisani-vroeëkinderontwikkelingsentrum in Noupoort in te huldig.

Die sentrum se hoof, personeel en honderde kinders na wie daar by die crèche omgesien word, is verheug oor die voltooiing van die projek. Die binnekant is opgeknap en die sentrum spog nou ook met Lego-speelgoed wat baie gewild onder kinders is.

KONTAK **ONS**

Algemene navrae : Noupoort@mainstreamrp.com
Bedrywighede navrae : Dennis.Solomon@mainstreamrp.com
Gemeenskapnavrae : Livhu.Sikhipha@mainstreamrp.com